DIEREWAARNEMING (A)

Graad 2

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Bekend te stel aan die diere in ons land.
2. ‘n Liefde en waardering vir ons diere aan te leer.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet kennis opdoen en inligting inwin oor die volgende:

1. Prente, sketse of foto’s van 5 inheemse wilde diere, 5 inheemse voëls en 5 inheemse insekte versamel.
2. Weet van minstens een inheemse wilde dier wat: blare eet, gras eet, vleis eet.
3. ‘n Prent van ons nasionale dier, nasionale vis en nasionale voël verkry, en hoekom is dit die nasionale dier, vis en voël.
4. ‘n Eenvoudige voedselketting kan “lees” en verstaan.
5. Weet hoe om ‘n troeteldier te versorg. (hond/kat/voël/gogga)
6. Wat is die werk, doel, nut en funksie van ‘n veearts, DBV (Dierebeskermingsvereniging) en ‘n diereherberg is en ‘n besoek bring aan ‘n veearts, DBV (Diere beskermingsvereniging) of ‘n diereherberg indien moontlik.Die veearts kan ookop uitnodiging die groep besoek.

C AANBIEDINGS

1. Die kind moet besef dat diere nie almal eenders is nie, dat daar basiese verskille is en diere daarom in verskillende groepe geplaas word. ‘n Groot projekboek is geskik vir die prente en byskrifte wat weer later as ‘n naslaanbron gebruik kan word.
2. Vereiste 1-3. Versamel die prente, sketse of foto’s van 5 wilde diere, 5 voëls en 5 insekte en plak dit met byskrifte in ‘n boek. Plak prente van minstens een wilde dier wat: blare eet, gras eet, vleis eet. Plak ‘n prent van ons nasionale dier, nasionale vis en nasionale voël ook in die projekboek.
3. Vereiste 4. Verduidelik hierdie met ‘n eenvoudige voorstelling op ‘n plakkaat en laat die kind dit nateken in die projekboek. Gebruik ‘n eenvoudige voedselketting.
4. Vereiste 5. Stel ‘n eenvoudige kontrole kaart op van alles (soos water gee, kos gee en hok skoonmaak) wat gedoen moet word.
5. Vereiste 6. Die Offisier moet inligting inwin en aan die kind verduidelik wat die werk, doel, nut en funksie van die veearts, DBV of diereherberg is. Bring ‘n besoek aan ‘n veearts, DBV (Dierebeskermings-vereniging) of ‘n diereherberg indien moontlik. Reël betyds en probeer dat die kinders ook met die diere kontak het. Neem foto’s vir die projekboeke.
6. Waar dit moontlik is om die diere in hul natuurlike omgewing te besigting, moet van die geleentheid gebruik gemaak word.